

**7 September**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 10:14:11:43 (OAV)**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 11:4**

**Die Here wat ons vir Hom gemaak het, eis ons heeltemal vir Hom op**

Die Here was destyds nie tevrede dat die volk 'n koning wou hê nie. Ons lees egter dat Samuel toe vir die volk gesê het: "Julle het al hierdie kwaad gedoen; maar wyk nie van die Here af nie, en dien die Here met julle hele hart" (1 Sam 12:20). En nou lees ons hierdie hartseer woorde oor die koning aan wie die Here soveel genade gegee het: die vroue het sy hart verlei agter afgode aan sodat "sy hart nie meer volkome met die Here was soos die hart van sy vader Dawid nie". Dwarsdeur die Bybel loop die eis van die Here aan die mens: "My seun, gee my jou hart" (Spr 23:26). Jou hart is die sentrum van jou lewe, jou hart is wat jy is. Jou hart is jy in jou volkomeheid. Dit is van nature die setel van die dood en die kwaad. Daarom is dit noodsaaklik dat die Heilige Gees daardie hart van klip verwyder en jou 'n hart van vlees gee. Hy alleen kan wat dood was, lewend maak. Daarom eis die Here dat jy Hom van harte sal dien, of soos Jesus die wet ook saamgevat het in die eis om liefde vir God met jou hele hart. Toe Salomo sy hart van die Here af wegdraai, was dit die begin van sy ondergang. Weg van God, weg van die lewe. Die rede is eenvoudig: God het jou vir Hom gemaak en vir Hom alleen. Daarom is Hy 'n "jaloerse" God. God het Salomo as koning gekies vir die volk wat Hy sy eiendom noem. Hy is jaloers op hulle en Salomo se wegkeer was ook die begin van Israel se pad weg van God af. 'n Mens kan nie twee here dien nie. Om die Here met jou hele hart te dien is nie slawerny nie. Dit is bevryding van bande van die dood, want as jy die Here van harte dien, dan doen jy waarvoor jy gemaak is.

*Sing: Psalm 119:1,2*

*Ds PH Fick (Komatipoort)*